



Die heuningbosindustrie genereer belangrike inkomste vir plaaslike verwerkers, boere en plukkers. 'n Ongelooflike 85% van die jaarlikse oes van 350 ton tee kom van die pluk van veld-heuningbosplante, hoofsaaklik *Cyclopia intermedia* of Bergtee.

Kommer oor die volhoubaarheid van veld heuningbos oes het geleid tot 'n beroep op riglyne vir volhoubare veld oes deur middel van Beste Praktyk.



Veld-heuningbosplante is 'n merkwaardige hulpbron vir 'n plaas - die gewas groei meestal in bergagtige gebiede wat nie geskik is vir enige ander landbouproduksie nie. Dit het geen aandag nodig nie, groei natuurlik sonder enige inset van bemesting, onkruid of plaaggodders en het nie heinings of besproeiing nodig nie. Omdat dit 'n plaaslike fynbosplant is, floreer heuningbos na 'n vuur en hanteer dit droogte baie goed. As dit volhoubaar bestuur word, kan dit jaarliks 'n goeie kontantinkomste genereer.



#### Projek Bestuurder: Albert Ackhurst

Hoof van Komponent: Biodiversiteitsbestuur,  
Departement van Omgewingsake en  
Ontwikkelingsbeplanning, Wes-Kaapse  
Regering Tel: 021 483 8364

Albert.Ackhurst@westerncape.gov.za

The Wild Honeybush Harvesting Field Guide  
<https://www.westerncape.gov.za/eadp/your-resource-library>

# VOLHOUBARE OES VAN VELD-HEUNINGBOS



Wes-Kaapse  
Regering  
Omgewingsake en  
Ontwikkelingsbeplanning

BETER TESAME.

# BESTE PRAKTYK VIR VELD HEUNINGBOS OES

## BOERE

- Beplan om heuningbos oor die langtermyn volhoubaar te bestuur;
- Evalueer die heuningbos wat u op die plaas het en karteer dit;
- Besluit op die beste tydsverloop tussen oeste;
- Gebruik 'n goeie en ervare oes span;
- Maak seker dat al die permitte in orde is - Oos Kaap Oes permit, Wes Kaap Vervoer permit (bly op hoogte met opgradering van regulasies);
- Neem altyd die plaaslike weerpatrone en brandgeskiedenis in ag en pas jou oesplan daarvolgens aan;
- Besoek die veld saam met die oes span en maak seker u weet wat hulle doen en monitor werk wat gedoen is.



## PLUKKERS

- Kry toestemming van die plaaseienaars om op hulle eiendom te oes;
- Maar seker dat u permit vir oes op datum is;
- Bespreek die oestyd en die gesondheidstoestand van die plant met die boer;
- Maak seker van die eiendomsgrens van die oes gebied en moet NOoit oes in 'n area wat beskerm is nie;
- Maak seker jou span weet wat die oes plan is.



## BERGTEE OES



- Kies volwasse plante met vier jaar se groei met geel, oranje of bruin stamme;
- Moet nie groen stamme sny nie - die geur of smaak is nie geskik vir tee nie!
- Sny naby die plant se basis vir die beste hergroei met 'n skerp snoeiskêr of sekel;
- Vir 'n twee jaarlikse plukinterval: 50% van die plante kan geoes word, sny een bos, los een;
- Vir 'n vier jaarlikse plukinterval: 80% van die plante kan geoes word, sny vier bosse, los een.

## VLEITEE OES



- Die oes van Vleitee moet eintlik "snoei" genoem word. Sekere takke behoort versigtig gekies en gesny te word om te verhoed dat die plant vrek;
- Groot plante met baie takke kan gesnoei word;
- Boonste takke moet gesny word bo nuwe groei om nuwe groei na die oes te laat voortgaan;
- Die snoei van tot 50% van die takke op 'n plant is aanvaarbaar indien die takke en plant gesond is;
- Die hoofstam van die plant moet gelos word om die plant te ondersteun.



## RESPEK VIR DIE VELD

- Alle vullis moet verwyder en saamgeneem word huis toe, insluitende: waterbottels, bindlyn, sigaretpakkies, kospapiertjies.
- As daar vuur gemaak word, moet dit op 'n veilige plek gedoen word, verkiekslik 'n klipperige plek uit die wind uit. Na gebruik moet die vuur heeltemal geblus word.
- Heuningbos saailinge moet nie op getrap word nie en skade aan ander plantspesies moet vermy word.
- Glydrade moet tussen seisoene verwyder word sodat dit nie diere verstrik nie.
- Konstruksie van toegangsroetes moet behoorlik gedoen word om erosie te vermy.